ng | kenridge

ons bou brûe soos Jesus

9 Junie 2019

VANDAG SE EREDIENSTE

8h30 en 10h30

OM DIE TAFEL IN DIE HUIS

NAGMAAL

Jurie Gouws

18h30

NAGMAAL

ZITHULELE SPAN UITSTUUR

Christi Thirion

DEUROFFERS: ZITHULELE UITREIK

Zithulele uitreik – hoe kan jy help?

Help ons om daar te kom:

Borg ‘n tenk brandstof

OF

Help die herstelwerk aan die pastorie:

Borg ‘n geut

Kontak gerus vir Melanie by melanie@ngkenridge.co.za

KLEUTERKERK

KLEINSAAL—8h30

Wikkelwurms: God het die plante gemaak.

Stapsoldaatjies: Elisa en die weduwee.

Kleurkabouters: Saggeus.

Groeigoggas: God antwoord altyd as ek bid.

KINDERKERK

JEUGSAAL - 8h30

Ouers en kinders speel saam om graad 1’s se geloof in te oefen.

Graad 1

GROOTSAAL - 8h30

Kwartaal afsluiting.

Graad 2—5

TIENERBEDIENING

KERK—9h30

Graad 6 en 7 — Josef.

DANKBAARHEIDSMAAND BYDRAES

Daar kan steeds bydraes inbetaal word. Betaal asb. via eft, Snapscan of by die kerkkantoor. Gebruik asb. die volgende verwysing: jou van/dankbaarh.

PAPPA-AAND

DIE HART VAN JOU HUIS

Alle pa's welkom.

Die volgende byeenkoms is Woensdag, 12 Junie, 19h00 in die Kleinsaal. Kontak Christi vir meer inligting op 082 728 9762 of Christi@ngkenridge.co.za

KLUB VIR AFGETREDENES

Die klub se 25ste verjaarsdag word gevier met 'n noenmaal op 12 Junie om 12h00 in die Grootsaal. Kaartjies te koop by die kerkkantoor @ R200 per persoon.

SINODESITTING—TERUGVOER

Kyk gerus op https://kaapkerk.co.za/sinodenuus-sinode-2019/ om meer te lees oor die onderwerpe wat bespreek is by die afgelope suksesvolle sinodesitting.

BANKBESONDERHEDE:
NG GEMEENTE KENRIDGE
FNB WILLOWBRIDGE
BANKNO. 62622466458
TAKKODE. 250655
VERWYSING: Doel/jou van
email finansies@ngkenridge.co.za

ONDERSTEUNINGSGROEP

Vir persone wat saamleef met iemand wat 'n gemoedsteuring het. Byeenkoms Donderdag 20 Junie @ 19h00 by die kerk. Enige iemand is welkom om aan te sluit. Kontak Jurie vir meer inligting by Jurie@ngkenridge.co.za of 072 225 7585.

HAGAR'S CHOICE (PLACE OF SAFETY)

Die volgende word benodig: 3—6 maande en 6—12 maande klere vir dogtertjies, 3—4 jaar en 4—5 jaar seunsklere. Seunsskoene groottes 8 en 9. Plaas skenkings in houers in kerkportale of bring asb. na die kerkkantoor.

KARL BREMER HOSPITAAL

Ons benodig wit badseep, waslappe, tandeborsels, tandepasta en aanrol deodorant vir Maria Xinthi se bediening by die hospitaal. Plaas skenkings in houers in kerkportale of bring asb. na die kerkkantoor.

Snap here to pay SnapScan

@NGKenridge

@ngkenridge

SEISOEN VAN LEER

Sluitingsdatum: 28 Junie
Kontak Karien by die kerkkantoor om in te skryf, ontvangs@ngkenridge.co.za.

Nuwe Testament 6-weke uit Lukas

Die kursus oor die Lukas-evangelie sluit die volgende onderwerpe in;
Wie is Jesus en waarom het Hy gelewe, lewe met lyding, lewe vol hoop, lewe met ongelykheid, lewe vol genade en lewe van navolging.

Kursusdatum: Woensdagaande, 10 Julie tot 21 Augustus om 18h45.

Koste: R240 p/p
Koffie en verversings, kursusmateriaal, en sekuriteit op terrein.

'n Lewe in Oorvloed

Bestaan jy net, of leef jy werklik? Bring jou geloof passie, vreugde en 'n doel in jou lewe of is dit net "going through the motions"? Kom reis saam met ons om te ontdek hoe 'n lewe in oorvloed lyk, hoe ons dit bou en hoe dit alles verander.

Neil van Rensburg bied hierdie kursus aan. Vir meer inligting, kontak hom gerus, by Neil.vrens@gmail.com.

Kursusdatum: Woensdagaande, 7 tot 28 Augustus, om 19h00.

Koste: R100 p/p

Alpha Huwelikskursus

Hierdie kursus is geskik vir huweliksverryking, sowel as huweliksvoorbereiding.

Die **Alpha Huwelikskursus** is 'n ruimte wat geskep word waar 'n egpaar/ voornemende egpaar vir sewe aande kan uitgaan op 'n "date" om saam te kuier en te gesels oor hulle verhouding. Jy en jou maat sal bedien word in 'n romantiese omgewing met 'n kerslig ete (5 van die 7 aande) by 'n tafel vir twee, terwyl julle luister na 'n spreker wat gesels oor die onderwerp van die aand. Tussen-in gesels julle twee oor die onderwerp en doen praktiese oefeninge soos aangedui deur die aanbieder.

Kursusdatum: Woensdagaande, 10 Julie tot 21 Augustus om 18h45.

Koste: R 1 500 per paar.
Kursusmateriaal, aanbiedings, 5 x aandetes en sekuriteit op terrein.

VAKANSIE!

Dit was 'n baie besige kwartaal vir al die kinders (en grootmense) in die gemeente. Ons hoop julle hou lekker vakansie en kom almal weer veilig terug volgende kwartaal.

BrightStar Persoonlike en Leierskap ontwikkeling

Kom verryk jou denke, skerp jou emosionele intelligensie op en mik vir uitnemendheid in jou daaglikse werk en wandel! Liezl Byliefeldt, 'n BrightStar fasiliteerder, bied hierdie program aan as deel van Seisoen van Leer. Drie modules sal oor 6 sessies hanteer word en spreek aspekte aan in jou verhouding met jouself, met ander asook jou rol as leier.

Kursusdatum: Woensdagaande, 10 Julie tot 21 Augustus om 18h30.

Koste: R600 p/p

Koffie en verversings, kursusmateriaal en sekuriteit op terrein.

Vir meer inligting rakende BrightStar, besoek gerus www.brightstarlifestyle.co.za.

The World Needs a Father

Die kursus word vanjaar aangebied in die plek van Raising a Modern-day Knight. The World Needs a Father is geskryf vir mans, veral pa's wat aan die hoof staan van 'n gesin. Onderwerpe soos outoriteit, identiteit, sekuriteit en geestelike bekragtiging binne Christenskap word aangespreek.

Kursusdatum: Woensdagaande, 10 Julie tot 28 Augustus om 18h45.

Koste: R320 p/p

Koffie en verversings, kursusmateriaal, en sekuriteit op terrein.

KENRIDGE GEBED 9—19 JUNIE

Hand 1:8 - "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Bid vir Suid-Afrika

dank die Here vir 'n ongelooflike mooi land met soveel potensiaal.
bid vir 'n einde aan die skrikbewind wat misdadigers voer.
bid vir die veiligheidsmagte en die vervolgingsgesag.

Bid vir ons gemeente se bediening na buite

Zithulele: bid asb vir die laaste voorbereidings, 'n voorspoedige reis, 'n geseënde skakeling met Zithulele gemeente en wedersydse groei.
nuwe vennootskap tussen NG kerke in die Kaap en gemeente van Mqanduli.
Ruyterwacht Senior Sentrum: funksionering en die bediening.
Sobambisana: wysheid met die aanstellingsproses van 'n maatskaplike werker.
Dave Viljoen - Pinksterreeks in Grootfontein.

Bid vir ons gemeente se bediening na binne

mense wat swaarkry met siekte en beproewing:
Ruben van Rooyen (Gr 6) - wysheid
Tannie Rina Coetzee is oorlede die week, ons dink aan haar kinders, Tinus, Hendrik, Leonie en Riana.